Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

NOVEMBER 2014

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A:	Opstel	(50)
AFDELING B:	Lang transaksionele teks	(30)
AFDELING C:	Kort transaksionele teks	(20)

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ŉ kopkaart of ŉ vloeidiagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Dit word aanbeveel dat jy ŉ streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

AFDELING A:	80 minute
AFDELING B:	40 minute
AFDELING C:	30 minute

8. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

- Skryf ŉ opstel van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

1.1 Dit het my lewe verander. **[50]**

1.2 My grootste liefde **[50]**

1.3 Deur my venster sien ek … **[50]**

1.4 Sê NEE! **[50]**

1.5 Is familie belangriker as vriende? **[50]**

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf ŉ OPSTEL daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

LET WEL: Daar moet ŉ duidelike verband tussen die opstel en die prent wat jy gekies het, wees.

1.6.1



[Uit: www.fineartamerica.com] **[50]**

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric

1.6.2

[Verwerk uit: www.google.com]

[50]

1.6.3



[Uit: *Huisgenoot*, 19 Desember 2013]

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric

AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1 **HULDEBLYK**

Jou oupa/ouma is onlangs oorlede. Jy moet ŉ huldeblyk tydens ŉ familiebyeenkoms oor hom/haar lewer.

Skryf die HULDEBLYK neer. **[30]**

2.2 **DIALOOG**

Jy het ŉ T-hemp gekoop wat jy gaan teruggee omdat jy daarmee ontevrede is.

Skryf die DIALOOG tussen jou en die verkoopsman neer en verduidelik waarom jy die T-hemp teruggee. **[30]**

2.3 **RESENSIE**

Jy en jou gesin het ŉ nuwe eetplek besoek.

Skryf ŉ RESENSIE vir ŉ koerant oor die eetplek waarin jy die eetplek aanbeveel of nie. **[30]**

2.4 **INFORMELE BRIEF**

Jou maat se pa het sy werk verloor.

Skryf ŉ INFORMELE BRIEF aan dié maat om hom/haar te help om die situasie te hanteer. **[30]**

TOTAAL AFDELING B: 30

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric

AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 **PLAKKAAT**

Jy het besluit om Afrikaans-ekstraklasse vir graad 8-leerders aan te bied.

Maak ŉ PLAKKAAT waarop alle nodige inligting verskyn om hierdie klasse te adverteer.

LET WEL: Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versierings NIE. **[20]**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWINGS**

Jy het ŉ afspraak met die dokter oor jou gesondheid.

Maak DAGBOEKINSKRYWINGS vir TWEE dae soos volg:

- Jou gevoelens die dag voor die afspraak
- Jou gevoelens na die afspraak **[20]**

3.3 **INSTRUKSIES**

Jou maat het ŉ swak verhouding met sy/haar ouers en is ongelukkig daaroor.

Skryf SEWE INSTRUKSIES neer oor hoe jou maat ŉ beter verhouding met sy/haar ouers kan hê. **[20]**

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou